basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2022**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) OP PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, het PW Botha se grondwetlike voorstelle met betrekking tot Suid-Afrika se parlementêre stelsel behels? (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die term *referendum* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik wat bedoel word met die stelling: 'Dit het 'n persoonlike korttermyn-oorwinning vir Botha beteken, maar die koste was dat opposisie aan beide kante van die politieke spektrum gemobiliseer is', in die konteks van grondwetlike voorstelle in 1983. (2 x 2) (4)

1.1.4 Waarom, dink jy, is swartes uit die nuwe grondwetlike skikking uitgesluit? (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die stigting van die UDF deur baie voorbereiding agter die skerms voorafgegaan is. (1 x 2) (2)

1.2.2 Identifiseer enige TWEE verskille wat in die bron genoem word, wat organisasies wat saamgekom het om die UDF te stig, moes oorkom. (2 x 1) (2)

1.2.3 Wat is die implikasie van die stelling: 'En ek wil 'n beroep op julle doen, al die vredeliewende mense van Suid-Afrika ... sodat ons dan die stelsel kan vernietig', in die konteks van die doel met die stigting van die UDF? (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer die stigting van die UDF nagevors word. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem enige TWEE protesaksies in die bron wat die UDF teen Botha se apartheidhervormings onderneem het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die slagspreuk: 'Voorwaarts na Mensemag', in die konteks van die UDF se weerstand teen PW Botha se apartheidshervormings. (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik die konsep *noodtoestand* in die konteks van die algemene onrus in die 1980's in Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

1.3.4 Noem enige TWEE maatreëls (aksies) in die bron wat die staat getref het om die algemene onrus wat in 1985 in die land plaasgevind het, te onderdruk. (2 x 1) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Waarom, dink jy, het die UDF hierdie plakkaat gepubliseer? (2 x 2) (4)

1.4.2 Identifiseer enige TWEE onderdrukkende maatreëls in die bron wat die apartheidsregime teen UDF-lede getref het. (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C ondersteun met betrekking tot die Suid-Afrikaanse regering se reaksie op die UDF. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die United Democratic Front (UDF) op PW Botha se hervormings in die 1980's gereageer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO-DRIE HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die hoofoogmerke met die stigting van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO)? (3 x 1) (3)

2.1.2 Identifiseer TWEE protesaksies in die bron wat PEBCO, as 'n affiliaat van die UDF, teen sekere produkte geneem het. (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.4 Wat, dink jy, het die polisie gehoop om te bereik deur die PEBCO-drie te ontvoer? (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie artikel in Mei 1985 op die voorblad van die *Cape Times* gepubliseer? (2 x 2) (4)

2.2.2 Wat word geïmpliseer deur die stelling: '... het gesê hulle (die familie) sou nie hul soektog na die mans opgee totdat hulle gevind word nie – dood of lewend', in die konteks van hulle verdwyning? (1 x 2) (2)

2.3 Verwys na Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2B met betrekking tot die verdwyning van die PEBCO-drie ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2C.

2.4.1 Gee DRIE bewyse uit die bron wat daarop dui dat hooggeplaaste politici nie verantwoordelikheid vir die moord op die PEBCO-drie aanvaar het nie. (3 x 1) (3)

2.4.2 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit Barend du Plessis se verklaring: '… Wat ek wel gesê het, was dat daar politici en hooggeplaaste amptenare was wat geweet het wat gebeur het', in die konteks van die moord op die PEBCO-drie? (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat Barend du Plessis se amnestie-aansoek navors. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik die term *ontvoering* in die konteks van maatreëls wat tydens die apartheidsera deur die veiligheidpolisie teen politieke aktiviste getref is. (1 x 2) (2)

2.5.2 Noem die TWEE offisiere in die Oos-Kaapse Veiligheidspolisie wat die ontvoering en moord op die PEBCO-drie gemagtig het. (2 x 1) (2)

2.5.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink die getuienis van die veiligheidspolisie (Gideon Nieuwoudt, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz) dié van die askari's met betrekking tot die ondervraging van die PEBCO-drie weerspreek het. (2 x 2) (4)

2.5.4 Haal 'n frase uit die bron aan wat aandui dat dit tydens die amnestieverhore moeilik was om die waarheid oor die moord op die PEBCO-drie vas te stel. (1 x 2) (2)

2.5.5 Waarom, dink jy, is amnestie vir die moord op die PEBCO-drie nie aan Barend du Plessis en die ander veiligheidsoffisiere toegestaan nie? (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die WVK die moord op die PEBCO-drie hanteer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER MAATREËLS HET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING GEÏMPLEMENTEER OM DIE UITDAGINGS VAN DIE GLOBALE COVID-19-PANDEMIE TE HANTEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Wat, volgens die bron, is die bekommernis van ekonome oor globalisering? (1 x 1) (1)

3.1.3 Verduidelik hoe die 'transgrensvloei' tot 'n styging in die verspreiding van die globale Covid-19-pandemie sou lei. (2 x 2) (4)

3.1.4 Waarom, volgens die bron, het die tyd geneem vir die verspreiding van sommige aansteeklike siektes oor landstreke heelwat vinniger geword? (1 x 1) (1)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Gee TWEE redes in die bron om te verduidelik waarom President Cyril Ramaphosa op 14 Maart 2020 'n nasionale ramptoestand verklaar het. (2 x 1) (2)

3.2.2 Identifiseer DRIE maatreëls, genoem in die bron, wat die regering op Suid-Afrikaners afgedwing het om die verspreiding van Covid-19 te beheer. (3 x 1) (3)

3.2.3 Verduidelik die term *kwarantyn* in die konteks van die Covid-19-pandemie. (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir die Suid-Afrikaanse regering nodig was om 'n ekonomiese verligtingspakket vir Suid-Afrikaners in te stel. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Maak 'n lys van DRIE areas, volgens die Demokratiese Alliansie, waardeur die R500 miljard-pakket verligting aan Suid-Afrikaners sou bring. (3 x 1) (3)

3.3.2 Noem die TWEE finansiële instellings, volgens die bron, wat President Cyril Ramaphosa genader het om die R500 miljard-pakket te befonds. (2 x 1) (2)

3.3.3 Lewer kommentaar op waarom opposisiepartye gunstig op die president se aankondiging van 'n bestedingsplan in reaksie op die Covid-19-pandemie gereageer het. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die spotprenttekenaar oorgedra word met betrekking tot die 'noodmaatreëls' wat President Ramaphosa ingestel het om die naderende Covid-19-pandemie die hoof te bied. (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar op die byskrif 'VOORBEREIDING VIR DIE NADERENDE STORM' in die konteks van Covid-19. (1 x 2) (2)

3.4.3 Wat sou die beperkings van hierdie bron wees vir 'n historikus wat die maatreëls bestudeer wat die Suid-Afrikaanse regering ingestel het om die verspreiding van die Covid-19-pandemie te stuit? (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe hierdie bronne van mekaar verskil met betrekking tot die Suid-Afrikaanse regering se ekonomiese ingryping om die impak van die Covid-19-pandemie op Suid-Afrikaners te verlig. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die maatreëls te verduidelik wat die Suid-Afrikaanse regering geïmplementeer het om die uitdagings van die globale Covid-19-pandemie te hanteer. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Die filosofie van Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging het in die 1960's en 1970's 'n belangrike rol gespeel om swart Suid-Afrikaners teen die apartheidsregime te organiseer.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die sterk leierskap wat deur beide die Nasionale Party-regering en die African National Congress tydens die onderhandelingsproses getoon is, tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 bygedra het. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Gorbachev se hervormings in die 1980's in die Sowjetunie het die politieke landskap in Suid-Afrika verander wat FW de Klerk se besluit beïnvloed het om vanaf 1989 hervormings in te stel.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2022

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) OP PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek deur S Dubow, 'n historikus en akademikus, wat fokus op PW Botha se hervormings soos deur die nuwe grondwet vir die Republiek van Suid-Afrika (Wet 110 van 1983) voorgestel. Dit verduidelik hoe die driekamerstelsel ingestel sou word.

PW Botha se langverwagte grondwetlike voorstelle het bestaan uit die vervanging van die Westminster-stelsel van regering met die 'driekamer'-parlement bestaande uit afsonderlike kamers vir wittes, Kleurlinge en Indiërs. 'n Presidentsraad, saamgestel uit die drie kamers, sou die uitvoerende Staatspresident raad gee. Die grondwetlike voorstelle is uiteindelik in 1983 deur 'n groot meerderheid in 'n referendum vir slegs wittes aanvaar. Dit het 'n persoonlike korttermyn-oorwinning vir Botha beteken, maar die koste was dat opposisie aan beide kante van die politieke spektrum gemobiliseer is.

Dit was die netelige kwessie van 'magsdeling' wat uiteindelik tot Treurnicht se langverwagte regse wegbreek van die Nasionale Party aanleiding gegee het. Van nog groter belang was die impak van die nuwe grondwet op die oorgrote meerderheid van die bevolking. In 'n poging om Kleurlinge en Indiërs na die politieke proses te lok (met baie beperkte sukses), het die bedrieglike grondwetlike reëlings die uitsluiting van swartes van Suid-Afrikaanse burgerskap beklemtoon. Beperkte politieke insluiting van sommiges was geen plaasvervanger vir die verlies van volle politieke regte vir die meerderheid in Suid-Afrika nie.

Dit was in 1983 onmoontlik om te raai dat die stigting van die United Democratic Front (UDF) die Suid-Afrikaanse politiek sou verander; tog was dit onmiddellik duidelik dat die stigting daarvan 'n uiters belangrike politieke ontwikkeling was.

[Uit *Apartheid, 1948–1994* deur S Dubow]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 20 Augustus 1983 deur eerw. Frank Chikane by die bekendstelling van die United Democratic Front (UDF) in Rocklands, Mitchells Plein, Kaapstad gelewer is. Dit verduidelik die belangrikheid van die vorming van 'n verenigde front teen die 1983-apartheidshervormings.

Comrades, vriende, hierdie dag, vandag, is die hoogtepunt van sewe maande se werk om die bekendstelling van die United Democratic Front te aanskou. Ons gaan verseker as 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis aangeteken word, wat die gety van die stryd ('struggle') versterk, om daardie dag op te staan wanneer die mense sal sê, ons is vry en geregtigheid is hier, wanneer die mense as broers en susters sal saamleef sonder uitbuiting en onderdrukking deur die ander. Alhoewel dit 'n unieke dag is, val dit binne die spektrum van die geskiedenis van die stryd in Suid-Afrika.

... Die idee van 'n front is vir ongeveer die afgelope twintig jaar 'n nuwe konsep in die stryd van die mense, en daar is aangeneem dat dit vir eenheid-in-aksie staan deur die aanvaarding van die feit dat al die organisasies wat saamkom, verskille het. Daar is ook klasverskille, verskille in ideologie, verskillende oogmerke, maar almal stem saam dat hulle die hervormingsvoorstelle van die Botha-regime verwerp, en gevolglik het hulle 'n breë front nodig om dit te doen.

Dit noodsaak dus die stigting van hierdie groep, nie noodwendig as 'n nasionale politieke organisasie nie, maar as 'n verenigde front met die enigste doel om die Koornhof-wetsontwerpe* teen te staan ...

... En ek wil 'n beroep op julle doen, al die vredeliewende mense van Suid-Afrika, om hande te vat, om sy aan sy te loop om teen die instelling van hierdie hervormingsvoorstelle te veg sodat ons dan die stelsel kan vernietig, sodat ons 'n regering deur die mense kan saamstel waar die mense volgens die wil van die mense sal regeer.

[Uit *A History of the United Democratic Front in South Africa 1983–1991* deur J Seekings]

***Koornhof-wetsontwerpe:** Verwys na 'n gedeelte van die wetgewing wat vernoem is na Piet Koornhof, die Nasionale Party se Minister van Samewerking en Ontwikkeling in die vroeë 1980's. Dit het gehoop om 'n swart plaaslike regering daar te stel, instromingsbeheer te verskerp en swartes in landelike en stedelike inwoners (ook vir beheerdoeleindes) te verdeel.

**BRON 1C**

Die bron hieronder verduidelik verskillende vorme van weerstand wat deur die United Democratic Front (UDF) teen apartheidshervormings aan die gang gesit is en die daaropvolgende reaksie deur die staat.

Die UDF se opposisie teen apartheid het deur middel van 'n aantal aksies sigbaar geword. Kort na die stigting daarvan het dit 'n suksesvolle boikot-aksie teen die verkiesing van die (Kleurling) Huis van Verteenwoordigers en (Indiër) Huis van Afgevaardigdes onderneem. Die UDF was betrokke by die organisering van 'n aantal verbruikersboikotte en wegbly-aksies. Dit het in 1983 en 1984 die 'een miljoen handtekeninge'-veldtog georganiseer, waar ondertekenaars gevra is om hul teenstand teen die sogenaamde Koornhof-wetgewing op swart plaaslike regering sowel as die nuwe grondwet te opper.

Die UDF se grootste impak was egter op voetsoolvlak waar dit plaaslike strukture geskep het wat 'n belangrike rol in die politieke opvoeding en mobilisering van die massas gespeel het. By hulle tweede nasionale kongres wat in April 1985 gehou is, is daar besluit om massaondersteuning na aktiewe deelname te verander met die tema 'Van Protes na Uitdaging: Van Mobilisasie tot Organisasie'. Vier maande later is hierdie tema uitgebrei om 'n nuwe slagspreuk, 'Voorwaarts na Mensemag', in te sluit. Die UDF se strategie was om die besluitnemingstrukture wat deur die regering geskep is, met 'n stelsel van 'mensemag' te vervang. Dit was gelykstaande aan die stigting van 'bevryde areas' in Suid-Afrika.

Die staat het hierdie bedreiging hanteer en die algemene onluste in die land, wat in 1985 sy hoogtepunt bereik het, onderdruk deur 'n reeks noodtoestande in te stel. 'n Groot aantal mense is volgens veiligheidswetgewing in hegtenis geneem. Die UDF is besonder swaar getref. Etlike sleutellede van die organisasie is vermoor, onder andere Matthew Goniwe (UDF-organiseerder in die Oos-Kaap) en Victoria Mxenge (UDF-tesourier in Natal). Bykans die hele leierskorps van die UDF is in die tydperk 1985 tot 1987 ingeperk.

[Uit https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03222.htm. Toegang op 4 September 2021 verkry.]

**BRON 1D**

Die plakkaat hieronder is in die 1980's deur die United Democratic Front (UDF) gepubliseer. Dit toon sy verbintenis tot verset teen die onderdrukkende maatreëls van die staat.




[Uit *Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*]

BOTHA SE

TEISTERING!!!

HERVORMINGS

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO-DRIE HANTEER?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder beklemtoon die stigting en oogmerke van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) in Oktober 1979 en verduidelik hoe die organisasie se leierskap in 1985 deur die veiligheidspolisie ontvoer is.

Die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) is in Oktober 1979 in Port Elizabeth gestig. Die groep se hoofdoelwitte was om deur middel van massaprotesoptogte en -deelname vir die regte van mense te veg ... en daarop gefokus het om te probeer om die lewensomstandighede van die massas te verbeter en ook om diskriminerende wetgewing in die Oos-Kaap te beëindig. PEBCO was 'n geaffilieerde van die United Democratic Front (UDF) wat daartoe gelei het dat duisende mense bymekaar gekom en sekere produkte geboikot het.


PEBCO het ook die Vryheidsmanifes met die goedkeuring daarvan deur die UDF aangeneem. Die Vryheidsmanifes, wat in die 1950's geskep is, was die sentrale politieke leerstelling van die ANC wat 'n beroep gedoen het vir gelyke regte, menseregte en regering deur die mense vir die mense. Die PEBCO-drie, Champion Galela, Sipho Hashe en Qaqawuli Godolozi, was aktiviste in die stryd teen apartheid.

Hashe, Godolozi en Galela was in 1985 die teikens van 'n sluipmoordkomplot deur die veiligheidspolisie. Hulle prominente rolle in PEBCO en affiliasie met die UDF het veroorsaak dat hulle as 'n bedreiging vir die regering beskou is. Sipho Hashe, Qaqawuli Godolozi en Champion Galela was op 8 Mei 1985 onderweg na die lughawe om 'n persoon te ontmoet, wat hulle geglo het deel van die Britse Konsulaat was en simpatiek teenoor hulle stryd was. Die telefoonoproep was egter vals en slegs 'n rede om die leiers te kry om hul huise te verlaat sodat hulle ontvoer kon word.

[Uit https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/SMU%20%20-Tristan%20Kelly%20-Hist%203377%20 Final%20Paper%20PEBCO%203.pdf. Toegang op 20 Oktober 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Die bron hieronder, geneem uit 'n koerantartikel met die titel 'Soektog na Vermiste PEBCO-mans', het op 27 Mei 1985 op die voorblad van die *Cape Times* verskyn. Dit verduidelik hoe hulle families daartoe verbind was om na die vermiste mans te soek. **(Die bron is vir duidelikheid vertaal en oorgetik.)**



# Search for missing Pebco men

**Own Correspondent**

PORT ELIZABETH. — Relatives of the three missing executive members of the Port Elizabeth Black Civic Organization (Pebco) said they would not give up their search for the men until they found them — dead or alive.

Pebco's general secretary, Mr Sipho Hashe, 58, president Mr Qaqawuli Godolozi, 30, and organizing secretary Mr Champion Galela, 32, disappeared mysteriously on May 8.

# Soektog na Vermiste PEBCO-mans

**Eie Korrespondent**

PORT ELIZABETH. – Familielede van die drie vermiste uitvoerende lede van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) het gesê hulle sou nie hul soektog na die mans opgee totdat hulle gevind word nie – dood of lewend.

PEBCO se sekretaris-generaal, mnr. Sipho Hashe, 58, die president, mnr. Qaqawuli Godolozi, 30, en die organisasiesekretaris, mnr. Champion Galela, 32, het op 8 Mei geheimsinnig verdwyn.

[Uit die *Cape Times,* 27 Mei 1985]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is deel van 'n transkripsie van bewyse wat Barend du Plessis, 'n kolonel by die Port Elizabeth Veiligheidspolisietak ('n spesiale polisie-eenheid wat deur die apartheidsregime gestig is), gelewer het by die WVK openbare verhore vir amnestie-aansoeke, wat op 5 November 1997 met betrekking tot die moorde op die PEBCO-drie in Port Elizabeth gehou is.

**ME HARTLE:** Glo jy, mnr. Du Plessis, dat jou dade polities gemotiveerd was?

**MNR. DU PLESSIS:** Ja.

**ME HARTLE:** En glo jy dat die moord op die PEBCO-3 regverdig was?

**MNR. DU PLESSIS:** Op daardie stadium, ja, as jy nou daaraan terugdink, sou jy ja sê.

**ME HARTLE:** Jy het nou reeds gehoor dat die hooggeplaaste politici gesê het dat die ontvoering en die dood van die PEBCO-3 *mala fides* (misleidend) en nie gemagtig was nie. Kan jy daarop kommentaar lewer?

**MNR. DU PLESSIS:** Ek het nooit gesê dat mnr. FW de Klerk daarvan geweet het nie. Wat ek wel gesê het, was dat daar politici en hooggeplaaste amptenare was wat geweet het wat gebeur het. Miskien is hulle nie direk ingelig nie, maar hulle het per implikasie geweet en per implikasie het die magtiging na ons deurgekom.

**ADV. SANDI:** Op hierdie punt, waarom het jy gedink dat die stelling wat gesê het: 'Maak 'n plan' – waarom dink jy dat daardie stelling noodwendig en uitsluitlik beteken het dat jy 'n plan moes beraam om hierdie mense dood te maak?

**MNR. DU PLESSIS:** Dit is een woord wat ek gebruik het, maar dit is die enigste afleiding wat ek kan maak want indien daar nie 'n ander plan is nie, wat bly dan oor, want vanaf die oggend tot die aand was ons besig om planne te maak om wet en orde te herstel, en indien daardie planne nie meer effektief was nie, dan sou dit die enigste ander plan wees wat oorbly – dit was die enigste afleiding wat ek kon maak.

[Uit https://www.justice.gov.za/trc/amntrans/am1997.htm. Toegang op 5 Oktober 2021 verkry.]

**BRON 2D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek wat deur O Bubenzer, 'n doktor in die regte, geskryf is. Dit beskryf die bevindinge van die WVK-verhore oor amnestie-aansoeke vir die moorde op die PEBCO-drie.

Die Amnestiekomitee van die WVK het in 1996 die amnestie-aansoeke van Gideon Nieuwoudt, Harold Snyman, Barend du Plessis, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz van die Port Elizabeth Veiligheidstak ontvang. Snyman en Du Plessis was nie fisies by die ontvoering en moord van die PEBCO-drie betrokke nie, maar die twee het die ontvoering en moord gemagtig. Snyman, die bevelvoerder van die destydse Oos-Kaapse Veiligheidspolisie, is deur Du Plessis genader, wat voorgestel het dat die drie aktiviste vermoor word.

Tydens die amnestieverhore is teenstrydige getuienis gegee. Die aansoek van die Port Elizabeth Veiligheidspolisie het verklaar dat daar tydens die ondervraging, wat deur Van Zyl, Lotz en Nieuwoud behartig is, geen marteling plaasgevind het nie. Hierdie getuienis is deur die Vlakplaas-askari's*, Mogoai, Koole en Mamasela, weerspreek, wat beweer het dat hulle by die ondervraging van die drie slagoffers teenwoordig was, waartydens hulle glo ernstig aangerand is.

Die Amnestiekomitee van die WVK het die volgende verklaar:

(1) Harold Snyman is amnestie verleen vir sameswering en opdraggewing van die ontvoering en moord op Hashe, Godolozi en Galela.
(2) Amnestie is geweier aan Hermanus Barend du Plessis, Gideon Nieuwoudt, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz vir die sameswering en bevel tot ontvoering en moord van die drie vermoordes.
(3) Amnestie is verleen aan Mogoai vir die ontvoering en aanranding van die PEBCO-drie.

[Uit *Post-TRC Prosecutions in South Africa* deur O Bubenzer]

***Askari:** 'n vryheidsvegter (lid van die ANC of die PAC) wat onder dwang by die apartheidsveiligheidsmagte aangesluit het en teen hulle voormalige 'comrades' geveg het

**VRAAG 3: WATTER MAATREËLS HET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING GEÏMPLEMENTEER OM DIE UITDAGINGS VAN DIE GLOBALE COVID-19-PANDEMIE TE HANTEER?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder is geneem uit 'n 2004-publikasie van die Centre for Global Change and Health wat in Londen gesetel is. Dit verduidelik hoe globalisering tot die verspreiding van aansteeklike siektes wêreldwyd bydra.

Ten spyte van die wydverspreide belangstelling in die opkoms daarvan is daar beperkte eenparigheid oor presies wat globalisering is. Byvoorbeeld, vir ekonome behels globalisering die toenemend globale aard van die opkomende wêreldekonomie. Vir regsgeleerdes het dit te make met die dreigende veranderinge in die regsstatus van state en hulle burgers. Vir omgewingsbewustes is dit die veranderinge in die wêreld se klimaat en ander biosisteme. En vir inligtingstegnologie-deskundiges is dit die globale verspreiding en integrasie van inligtingstelsels.

Om die verband tussen globalisering en aansteeklike siektes te verstaan, is dit belangrik om bewus te wees van hoe die term 'globalisering' afwisselend met terme soos 'internasionalisasie', 'liberalisering' en 'verwestering' gebruik word. 'n Streng definisie van globalisering onderskei tussen kruisgrens- en oorgrensvloei.

Kruisgrens het te make met die interaksies oor twee of meer lande deur, byvoorbeeld, amptelike handel van goedere en dienste, of kapitaalvloei soos buitelandse direkte beleggings oor nasionale grense. Transgrens, in teenstelling, het te make met die vloei van mense, goedere en dienste, kapitaal, waardes en idees op 'n manier wat nie nasionale grense erken nie.

Saam met veranderinge aan ruimtelike (driedimensionele) grense, lei globalisering tot veranderinge in hoe ons tyd begryp en ervaar. Globalisering verander die tydraamwerk waarin natuurlike en mensgeïnduseerde verskynsels plaasvind, sowel as die tyd beskikbaar om op hierdie verskynsels te reageer. Byvoorbeeld, die tyd wat dit neem vir sommige aansteeklike siektes om oor territoriale ruimtes te versprei, het heelwat vinniger geword as gevolg van die verhoogde aantal, frekwensie en spoed van bevolkingsmobiliteit (beweging).

[Uit *Globalisation and Infectious Diseases: A Review of the Linkages* deur L Saker]

**BRON 3B**

Die artikel hieronder is deur W Roelf, 'n joernalis, geskryf en fokus op die nasionale ramptoestand wat op 14 Maart 2020 deur President Cyril Ramaphosa verklaar is.

Kaapstad (Reuters) – Suid-Afrikaanse President, Cyril Ramaphosa, het Sondag 'n nasionale ramptoestand verklaar toe hy 'n aantal maatreëls aangekondig het om 'n Covid-19-uitbreking te beheer, wat sover 61 besmet het en tekens van interne verspreiding getoon het.

Tydens 'n regstreekse televisie-uitsending ná 'n spesiale kabinetsvergadering het Ramaphosa gesê dat die uitbreking, wat vir die eerste keer op 5 Maart 2020 ontdek is, 'n betekenisvolle en 'moontlik blywende' impak op 'n sukkelende ekonomie, wat reeds in resessie is, kan hê.

Maatreëls wat geneem sal word, sluit 'n reisverbod na lande soos Italië, Duitsland, China en die Verenigde State in. Die regering sal ook saamtrekke van 100 of meer verbied en groot geleenthede en feesvieringe kanselleer, het hy gesê. 'Dit is kommerwekkend dat ons nou met interne verspreiding van die virus te doen het. Hierdie situasie verg 'n buitengewone reaksie; daar kan geen kortpadmaatreëls wees nie,' het Ramaphosa gesê.

Hy het gesê dat die regering die visums van besoekers uit hoërisiko-lande vanaf Sondag gekanselleer het, en visums wat reeds toegestaan is, ook gekanselleer het. 'Enige buitelandse burger wat die afgelope 20 dae hoërisiko-lande besoek het, sal 'n visum geweier word,' het hy gesê, en bygevoeg dat Suid-Afrikaners wat teikenlande besoek het, aan toetsing en kwarantyn onderhewig sal wees wanneer hulle terugkom. Die eerste geval is twee weke gelede ontdek met 'n enkele positiewe resultaat, en teen Sondag het die aantal gevalle tot 61 gestyg, 'n groeiende koers wat die vinnige verspreiding van die virus wêreldwyd weerspieël.

Behalwe die gesondheidsimpak, het Ramaphosa gesê dat die ekonomie nie gespaar gaan word nie aangesien uitvoere in sleutelmarkte afneem, China ingesluit, en die arbeidsintensiewe toerismesektor ly. 'Die kabinet is dus besig om 'n omvattende pakket van ingrypings te finaliseer om die verwagte impak van Covid-19 op die ekonomie te verlig,' het hy gesê.

[Uit *Reuter's News Agency*, 15 Maart 2020]

**BRON 3C**

Die artikel hieronder beklemtoon hoe opposisiepartye gereageer het op President Ramaphosa se maatreëls om die ekonomiese impak (op Suid-Afrika) van die globale Covid-19-pandemie te hanteer.

President Cyril Ramaphosa het Suid-Afrika se grootste bestedingsplan aangekondig – 'n eenmalige stimulus-inspuiting vir die sukkelende ekonomie – in reaksie op die Covid-19-pandemie wat tot 'n grendeltydperk die afgelope 28 dae gelei het. Oor die algemeen het opposisiepartye positief op die president se wye reeks ingrypings gereageer.

**Demokratiese Alliansie (DA): 'Broodnodige verligting bemoedigend'**
Die Demokratiese Alliansie (DA) het Ramaphosa se aankondiging verwelkom. 'Hierdie R500 miljard-pakket sal broodnodige verligting aan Suid-Afrikaners bring deur middel van toelaes, besigheidsverligting, belastingmaatreëls, bykomende gesondheids-begroting en voedselprogramme,' het die DA-leier, John Steenhuisen, gesê.


Baie van die maatreëls wat aangekondig is, weerspieël dié waarvoor die DA gevra het, om nie net die lewens nie, maar ook die lewensbestaan, van miljoene Suid-Afrikaners te beveilig wat erg onder die grendeltydperk deurgeloop het om die verspreiding van Covid-19 te beheer. Steenhuisen het gesê dat dit bemoedigend is dat Ramaphosa daarvan gepraat het om instansies soos die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank te nader vir gedeeltelike befondsing van die hulppakket, veral aangesien hierdie instansies onvoorwaardelike lenings met lae rentekoerse, spesifiek vir Covid-19-verligting beskikbaar gestel het.

**Vryheidsfront Plus (VF Plus): ' 'n Stap in die regte rigting'**
Die Vryheidsfront Plus (VF Plus) het gesê dat Ramaphosa se ekonomiese stimuluspakket 'n 'stap in die regte rigting' was. 'Die VF Plus is van mening dat die betaling van die nuwe voorgestelde maatskaplike toelaes met versigtigheid benader moet word omdat mense gou daarvan afhanklik sal raak en dat dit moeilik sal wees om dit in die toekoms af te skaf,' het VF Plus-leier, Pieter Groenewald, gesê. Hy het bygevoeg dat dit belangrik is om nie afhanklikheid van die staat te skep nie, maar om eerder werk te skep en besighede te ontwikkel ... 'Dit is belangrik dat die land se begroting geherprioritiseer (heroorweeg) word. Belangrike aspekte sluit die toekenning aan die gesondheidsbegroting, verligting van hongerte en ander maatskaplike probleme, bystand en steun aan besighede en die ontsluiting van die ekonomie in,' het Groenewald gesê.

[Uit *News24*, 22 April 2020]

**BRON 3D**

Die spotprent hieronder wat deur Rico Schacherl geteken is, het op 17 Maart 2020 in die *Business Maverick* verskyn. Dit beeld President Ramaphosa uit met noodmaatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering sou implementeer om sy burgers teen die dreigende (naderende) globale Covid-19-pandemie te beskerm.




[Uit *Business Maverick*, 17 Maart 2020]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bubenzer, O. 2009. *Post-TRC Prosecutions in South Africa* by (Martinus Nijhoff Publishers, Boston)

*Business Maverick*, 17 Maart 2020

*Cape Times*, 27 Mei 1985

Dubow, S. 2014. *Apartheid, 1948–1994* (Oxford University Press)

https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03222.htm

https://www.justice.gov.za/trc/amntrans/am1997.htm

https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/SMU%20%20-Tristan%20Kelly%20-Hist%203377%20Final%20Paper%20PEBCO%203.pdf

*Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*

*News24*, 22 April 2020

*Reuter's News Agency*, 15 Maart 2020

Saker, L. et al. 2004. *Globalisation and Infectious Diseases: A Review of the Linkages* (Centre for Global Change and Health, Londen)

Seekings, J. 2000. *A History of the United Democratic Front in South Africa 1983–1991* (David Phillip Publishers, Kaapstad)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN/

## GESKIEDENIS V2

## 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot<br>• onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ’n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae** Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.

- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(**√**)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . ___________________________ . __________________________

_______________________________________________ . __________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

## 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by

inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en ʼn onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)

Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ʼn opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/ʼn duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ʼn opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument ↕ LOA

**2.5 Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om ‘n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | **VLAK 7** | **VLAK 6** | **VLAK 5** | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** →<br><br>**INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) OP PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980'S GEREAGEER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'die vervanging van die Westminster- stelsel van regering met die driekamer'-parlement' (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n term uit Bron 1A – V1]*

- 'n Algemene verkiesing deur die kiesers op 'n enkele politieke vraag wat aan hulle verwys is vir 'n direkte besluit
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die meerderheid blanke Suid-Afrikaners het PW Botha se hervormings maatreëls – die Driekamer -parlement ondersteun
- Die nuwe Driekamer parlement (politieke bedeling) het die meerderheid Swart Suid-Afrikaners uitgesluit wat aanleiding gegee het tot die mobilisasie teen die maatreëls
- Swart Suid-Afrikaners het die United Democratic Front gestig om PW Botha se nuwe dispensasie teen te staan
- Die blanke regsgesindes van die Nasionale Party het nie met PW Botha se nuwe politieke dispensasie saam gestem nie wat aanleiding gee tot 'n skeuring van die Konserwatiewe Party onder Dr Andries Treurnight
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die nuwe grondwet was nog steeds op rassesegregasie/apartheidsbeleid gebaseer
- Die swart Suid-Afrikaners was nie deur die Suid-Afrikaanse regering as deel van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou nie / tweedeklas burgers
- Swart Suid-Afrikaners was deel van die Bantoestan program wat die Nasionale Party gedurende die 1960s in werking gestel
- Swart Suid-Afrikaners was aparte tuislande, wat op ras gebasseer was, gegee soos gedefinieer deur die Suid-Afrikaanse regering
- Swart Suid-Afrikaners was veronderstel om hul politieke aspirasies in hul tuislande te beoefen en nie in 'blanke' Suid-Afrika nie
- Blankes wou mag behou
- Die apartheidsregering het gevrees dat Swartes hulle sou uitstem en omverwerp
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B - V1]*

- Comrades, vriende, hierdie dag, vandag is die hoogtepunt van sewe maande se werk om die bekendstelling van die United Democratic Front te aanskou. (1 x 2) (2)

1.2.2 *Onttrekking van bewyse uit Bron 1B - V1]*

**Verskille van:**
- **'**klas'
- 'ideologie'
- 'oogmerke' (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

**Die UDF:**
- het alle organisasies wat bymekaar gekom het as vreedsaam beskou wat moet werk teen 'n onderdrukkende apartheid stelsel wat verwoes moet word
- het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gemaak om die instelling van die 1983 Grondwet /Koornhof-wette teen te staan
- het die Driekamer parlement verwerp
- het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gemaak om aan te dring op demokratiese hervormings wat apartheid sou beëindig
- Het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gemaak om aan te dring op demokratiese hervormings wat alle Suid-afrikaners moet insluit (Swart, Indiër, Kleurling en blankes)
- sou die apartheidsregering met 'n demokratiese regering vervang
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Vasstel van betroubaarheid van bewyse uit Bron 1B – V3]*

**Die bron is BETROUBAAR OMDAT:**
- Dit 'n toespraak was wat deur Eerw. Frank Chikane, 'n stigterslid van die UDF, op 20 Augustus 1983 gelewer was
- Die toespraak op 20 Augustus 1983 gelewer was - die amptelike dag van die stigting van die UDF
- Die toespraak eerste-handse informasie bevat wat bevestig kan word met ander informasie op die stigting van die UDF op 20 Augustus 1983
- Dit die redes vir die stigting van die UDF beklemtoon wat 'n reaksie was op die instelling van apartheidshervormings en die stigting van die Driekamer parlement
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C-V1]
- 'Boikot-aksie teen die verkiesing''
- ''verbruikersboikotte'
- 'Wegbly-aksies'
- 'Eenmiljoen-handtekeninge-veldtog (enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

**Dit impliseer:**
- Dat die UDF die mag van die mense (die meerderheid) verteenwoordig
- 'n Beroep vir volle politieke regte vir alle Suid-Afrikaners
- Volle demokratiese regte vir alle Suid-Afrikaners
- 'n Inklusiewe politieke onderhandelde skikking vir Suid-Afrika
- Dat alle Suid-Afrikaners die reg moes hê om vir hul verteenwoordigers te kan stem
- Dat die UDF die mag van die meerderheid sou verteenwoordig teen Botha se apartheid hervormings wat wit minderheidsmag verteenwoordig het
- Die mobilisasie van Swartes teen Botha se hervormings.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Verduideliking van 'n konsep uit Bron 1C – V2]*
- 'n Situasie waar die Suid-Afrikaanse regering die algemene wette van die land opskort en beleide deurvoer wat nie normaal geïmplementeer sou word nie om die burgers teen die onluste wat deur die UDF begin was, te beskerm.
- Aanwending van noodtoestand wette deur 'n regering om beheer te neem/om algemene onrus van die UDF gedurende die middel 1980's te onderdruk
- Dit is 'n situasie waar die polisie en die weermag ekstra magte verkry om die onluste van UDF te hanteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'deur 'n reeks noodtoestande in te stel'
- ''n Groot aantal mense in hegtenis geneem '
- 'Etlike sleutellede van die organisasie is vermoor'
- 'Leierskorps van die UDF is .. ingeperk' (enige 2 x 1) (2)

1.4
1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
**Om :**
- die onderdrukkende maatreëls wat die staat ingestel het om die UDF te verswak uit te wys
- die UDF lyding bloot te stel sodat dit die simpatie en ondersteuning van Suid Afrikaners in die algemeen kon wen
- te wys dat die UDF Botha se hervormings omver sou werp – die hand
- die UDF se verbintenis om onderdrukkende maatreëls van die staat te weerstaan, uit te wys
- te wys dat die staat se onderdrukkende maatreëls hulle nie sal ontmoedig nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Aanhoudings' (UDF leiers was aangehou)
- 'Verbannings' (Vergaderings in 22 gebiede verban)
- 'Onderdrukking' (mense in die townships doodgeskiet)
- 'Teistering' (enige 2 x 1) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 1C end 1D om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*
- Beide bronne verwys na die onderdrukkende maatreëls wat die staat teen die UDF geneem het
- Beide bronne verwys na die feit dat die UDF leierskap aangehou/verban of gearresteer was
- Beide bronne verwys na hoe die UDF lede onderdrukking/doodmaak/moord/ marteling verduur het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
*Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:*

- Die UDF gestig in 1983 in reaksie op die Koornhof Wetsontwerpe met die doel om die Suid-Afrikaanse politiek te transformeer (Bron 1A)
- Die doel van die UDF was om veldtogte te loods vir ‘n vry en regverdige Suid-Afrika sonder onderdrukking en uitbuiting (Bron 1B)
- Die UDF het die hervormings voorstelle (Koornhof Wetsontwerpe) van die Botha regime verwerp (Bron 1B)
- Die UDF het verskillende organisasies bymekaar gebring om ‘n verenigde front te stig om ‘n regering volgens die wil van die mense saam te stel (Bron 1B)
- Die UDF het suksesvol ‘n boikot teen die verkiesing vir die Huis van Verteenwoordigers en Huis van Afgevaardigdes georganiseer (Bron 1C)
- Die UDF was by wegbly-aksies betrokke/ eenmiljoen-handtekeninge-veldtog (Bron 1C)
- Die grootste impak van die UDF was op voetsoolvlak wat ‘n platform was vir massas om hulself te mobiliseer (Bron 1C)
- Die UDF se tema ‘Voorwaarts tot Mensemag’ was ‘n poging om die regering se besluitnemings strukture met voetsoolvlak besluitneming organisasies te vervang (eie Kennis)
- Die UDF het homself daartoe verbind om nie stilgemaak te word deur staatsonderdrukking nie
- Die UDF het plakkate gebruik om mense bewus te maak van staatsonderdrukking (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die UDF op PW Botha se 1980s hervormings reageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die UDF op PW Botha se 1980s hervormings reageer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die UDF op PW Botha se 1980s hervormings reageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO DRIE HANTEER?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*

- 'vir die regte van die mense te veg'
- 'om te probeer om die lewensomstandighede van die massas te verbeter '
- 'om diskriminerende wetgewing in die Oos Kaap te beëindig'

(3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*

- ' duisende mense bymekaar gekom'
- 'geboikot' (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

- Beleid/stelsel om rasse in Suid-Afrika te skei in blankes en nie-blankes
- Die politieke, ekonomiese en maatskaplike skeiding van rasse ter wille van afsonderlike ontwikkeling
- Handhawing van blanke oppergesag deur middel van diskriminerende segregasiewette
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

Om PEBCO as 'n organisasie te verswak

- Om hulle te vermoor of uit die weg ruim
- Om politieke geweld in die Oos-Kaap te beïndig / om te verhoed dat hulle gemeenskappe in die Oos-Kaap aanhits
- 'Om 'n bewustheid van vrees onder politieke aktiviste te vestig
- Om inligting oor politieke aktiviste in die townships te bekom/ die ANC en kommunistiese invloed te verswak
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Dit was 'n nuuswaardige gebeurtenis op daardie tydstip omdat die PEBCO-DRIE welbekende, invloedryke en prominente leiers in Port Elizabeth was
- Om simpatie by die publiek te verkry deur die aktiwiteite van die staat te ontbloot
- Die bewusheid van die verdwyning van die PEBCO – DRIE te verhoog
- Om die vuil taktieke van die polisie bloot te lê
- Om te wys dat die families van die PEBCO- DRIE hulle op die publiek beroep het vir informasie of hulp ten opsigte van hul verdwyning
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

**Families**

- wou die waarheid weet oor die verdwyning van hulle familielede
- wou hê dat die beskuldigers na vore moes kom en vertel wat met die PEBCO-DRIE gebeur het
- sal nie berusting kry voordat die mans gevind word nie; dood of lewendig
- het vermoed dat die veiligheidspolisie hulle vermoor het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 2A en 2B om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 2A beklemtoon dat die drie leiers ontvoer was en Bron 2B wys dat die mans vermis of verdwyn het
- Bron 2A noem die name van die drie mans wat ontvoer was en Bron 2B bevestig die identiteit van dieselfde drie mans, Hashe, Godolozi, en Galela
- Bron 2A noem die datum van die ontvoering as 8 Mei 1985 wat in Bron 2B bevestig word wat beklemtoon dat die mans op 8 Mei 1985 verdwyn het
- Beide bronne dui aan dat die PEBCO-DRIE wat ontvoer was, die leiers van die organisasie was – Bron 2A (leiers) en Bron 2B uitvoerende leiers
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C - V1]*

- 'mala fides (misleidend)'
- 'nie gematig was nie '
- '... maar hulle het per implikasie geweet en per implikasie het die magtiging na ons deurgekom. ' (3 x 1) (3)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Barend Du Plessis het laat blyk dat die moord van die PEBCO-DRIE polities gemotiveerd was
- Hy het laat blyk dat politici en hooggeplaaste amptenare indirek vir die moorde verantwoordelik was
- Hy het laat blyk dat politici en hooggeplaaste amptenare nie gewillig was om die doelstellings van die WVK te ondersteun nie in terme van bekendmaking van die waarheid oor hul betrokkenheid by die moord van aktiviste.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Vasstelling van bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit 'n direkte bron (afskrif) is wat eerstehandse informasie van die oortreder (Du Plessis) gee
- Du Plessis 'n lid was van die Port Elizabeth veiligheidstak wat betrokke was by die ontvoering en moord van die PEBCO DRIE
- Die transkripsie opgeteken was in die WVK se openbare verhoor wat op 5 November 1997 in Port Elizabeth gehou is, ooreenstem met die werklike tydperk van die amnestie verhore
- Dit lig werp op die ondervraging tussen die WVK kommissie en Du Plessis – die oortreder
- Dit die politici en hooggeplaaste amptenare se ontkenning van die bemagtiging van die moorde op die PEBCO DRIE beklemtoon.

Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Verduideliking van 'n konsep uit Bron 2D – V2]*

- 'n Onwettige optrede van lede van die veiligheidspolisie waartydens politieke aktiviste onder dwang in hegtenis geneem word, met die doel om hulle te martel, inligting te bekom of hulle te vermoor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2D-V1]
- 'Snyman (Harold)'
- 'Du Plessis (Barend)' (2 x 1) (2)

2.5.3 *[Analise van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Gideon Nieuwoudt, Johannes Van Zyl en Gerhardus Lotz wou hulself beskerm terwyl die askari die waarheid wou ontbloot
- Gideon Nieuwoudt, Johannes Van Zyl en Gerhardus Lotz wou die NP regering beskerm terwyl die askari die NP regering wou ontmasker
- Gideon Nieuwoudt, Johannes Van Zyl en Gerhardus Lotz wou nie die wrede metodes wat deur die NP regering gebruik was om van politieke aktiviste ontslae te raak ontbloot nie terwyl die askari die brutale wreedhede van die NP regering wou openbaar
- Die veiligheidspolisie en askari kom van verskillende agtergronde
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D - V1]*
- 'teenstrydige (teenoorgestelde) getuienis was gegee'
- 'Hierdie getuienis is deur die Vlakplaas askari's ... weerspreek'

(enige 1 x 2) (2)

2.5.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hulle het nie die volle waarheid vertel nie
- Hulle kon nie 'n politieke motief vir hul betrokkenheid in die moord van die PEBCO-DRIE verskaf nie / Du Plessis op sy eie opgetree – geen volledige bekendmaking van wie die opdragte gegee het nie
- Hul verklarings was weerspreek deur die getuienisse van die askari's
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

*Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:*

- Families het die WVK genader om die waarheid oor die verdwyning van die PEBCO Drie leiers uit te vind (Eie kennis)
- Barend Du Plessis het vir amnestie aansoek gedoen vir sy betrokkenheid in die moord van die PEBCO Drie (Bron 2C)
- Politici en hooggeplaaste amptenare het verklaar dat die moord van die PEBCO Drie mala fides en nie goedgekeur was nie (Bron 2C)
- Barend Du Plessis het aangevoer dat politici van die moorde geweet en dit nie-amptelik goedgekeur het (Bron 2C)
- Die WVK het 'n platform geskep vir getuienisse om aangehoor te word (eie kennis) - Du Plessis het geleentheid gekry om sy saak te stel (Bron 2C)
- Gideon Nieuwoudt, Harold Snyman, Johannes Van Zyl en Gerhardus Lotz het ook vir amnestie vir hul betrokkenheid in die moord van die PEBCO Drie aansoek gedoen (Bron 2D)
- Weersprekende getuienis was deur die polisie en askari gegee (Bron 2D)
- Hermanus Barend Du Plessis, Nieuwoudt, Van Zyl en Lotz was amnestie geweier (Bron 2D)
- Die WVK het amnestie aan Askari Mogoai toegestaan vir die ontvoering en aanranding van die PEBCO Drie (Bron 2D)
- Die WVK het die deur oopgemaak vir toekomstige verdere ondersoeke op gruweldade van menseregteskendings wat kon plaasvind
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die WVK met die moord op die PEBCO Drie hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die WVK met die moord op die PEBCO Drie hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die WVK met die moord op die PEBCO Drie hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER MAATREËLS HET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING GEÏMPLEMENTEER OM DIE UITDAGINGS VAN DIE GLOBALE COVID-19-PANDEMIE TE HANTEER?**

3.1.1 *[Definisie van ‘n histories konsep uit Bron 3A – V1]*
- Globalisering beskryf die manier waarop mense, goedere, geld en idees gouer en goedkoper as ooit rondom die wêreld beweeg. Dit is hoofsaaklik te danke aan verbeterde vervoer, kommunikasie en tegnologie
- Globalisering is ‘n proses waardeur die die wêreld meer geïntegreerd en verbind geword het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ‘Die toenemende globale aard van die opkomende wêreldekonomie’ (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - V2]*
- Mense kruis grense per lug, pad en see wat die oordrag van siektes makliker maak weens fisiese kontak tussen mense
- Mense kruis grense meer gereeld wat beteken dat indien ‘n persoon in land A aangesteek was, dat dit gou na land B oorgedra kan word
- Goedere kruis grense meer gereeld, wat die verspreiding van aansteeklike siektes bespoedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ‘As ‘n gevolg van die verhoogde aantal, frekewensies en spoed van bevolkingsmobiliteit (beweging) (1 x 1) (1)

3.2
3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ‘Óm ‘n Covid-19 uitbreking te beheer, wat sover 61 besmet het’
- ‘tekens van interne verspreiding getoon het’
- ‘die uitbreking ... ‘n betekenisvolle en moontlik blywende impak op ‘n sukkelende ekonomie kan he’ (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ‘reisverbod, na lande soos Italië, Duitsland, China en die Verenigde State in’.
- ‘Die regering sal ook saamtrekke van 100 of meer verbied’
- ‘Groot geleenthede en feesvieringe kanselleer’
- ‘Suid-Afrikaners wat teikenlande besoek het, aan toetsing onderheuwig sal wees’
- ‘Suid-Afrikaners wat teikenlande besoek het, aan kwarantyn onderheuwig sal wees’ (enige 3 x 1) (3)

3.2.3 *[Verduideliking van ‘n konsep uit Bron 3B – V2]*

- ‘n Toestand, periode of plek van isolasie waarin mense wat van elders af kom of wat blootgestel was aan oordraagbare of aansteeklike siektes (Covid-19) in kwarantyn geplaas word vir ‘n aantal dae voordat hulle vrylik kan meng/assosieer met ander mense
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - V2]*

**Omdat:**

- Alle Suid-Afrikaners aan grendel tydperk onderhewig was en daarom kon hulle nie na buite gaan om te werk en ‘n inkomste te verdien nie
- Meeste besighede onder inperking was wat beteken het dat mense nie kon werk en inkomste kon verdien nie / handel was negatief beïnvloed
- Baie besighede (weens die inperkingsregulasies) bankrot geraak het en duisende Suid-Afrikaners het hul werke verloor
- Meeste Suid-Afrikaners arm is en nie geld gespaar het om op terug te val om hulself te onderhou nie / baie het onder die broodlyn geleef en kon verder gely het as die regering nie ‘n ekonomese verligtingspakket voorsien het nie
- Die inperking het die meerderheid Suid-Afrikaners wie betrokke was by informele werk (dagloon-werkers) verhoed om uit te gaan om ‘n inkomste te verdien
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - L1]*

- ‘Toelae’
- ‘besigheidsverligting’
- ‘belastingmaatreëls’
- ‘bykomende gesondheidsbegroting’
- ‘voedselprogramme’ (enige 3 x 1) (3)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - L1]*

- ‘Wêreldbank’
- ‘Internasionale Monetêre Fonds’ (IMF) (2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C - V2]*

**Die opposie partye het gunstig teenoor die verbruikersplan gereageer omdat dit gebruik sou word:**

- Om die armes te voed en hongersnood te verhoed
- Om die armes te versorg
- Om finansiele bystand aan besighede te verskaf om te verhoed dat die besighede sluit en om sodoende werksgeleenthede te red.
- Om hospitaal fasiliteite te verbeter om vir Suid-Afrikaners wat met Covid-19 besmet was, te sorg
- Om entstowwe aan te koop om die lewens van Suid Afrikaners te red
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D - V2]*

- Die noodmaatreëls word as ‘n sambreel voorgestel om Suid-Afrikaners teen Covid-19 te beskerm
- Die regering het verantwoordelikheid geneem om die noodmaatreëls te implementeer
- Suid-Afrikaners is nie seker of die noodmaatreëls genoeg is om hulle teen Covid-19 te beskerm nie
- Die gesigsuitdrukking van President Cyril Ramaphosa wys dat hy bekommerd is oor die impak van Covid-19
- Die gesigsuitdrukking van die Suid-Afrikaner weerspieël paniek maar word gerusgestel deur President Ramaphosa wat haar beskerm teen Covid-19
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D - V2]*

- Covid-19 word as ‘n storm uitgebeeld en die regering sit noodmaatreëls in plek om Suid-Afrikaners te beskerm
- Die beskerming teen Covid-19
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Vasstel van beperking van bewyse uit Bron 3D – V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Dit die siening van die spotprenttekenaar is – wat Covid-19 as ‘n groot probleem vir Suid-Afrika uitbeeld
- Die spotprenttekenaar die maatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering oorweeg het om teen die Covid-19 te implementeer, as swak uitgebeeld het
- Die spotprenttekenaar nie die verskillende noodmaatreëls wat die regering oorweeg het om te implementeer, uitbeeld nie
- Die spotprenttekenaar bevooroordeeld teenoor die Suid-Afrikaanse regering is deur die noodmaatreëls as onvoldoende uit te beeld om Suid Afrikaners te beskerm (klein sambreel in verhouding tot die massiewe Covid-19 storm)
- Dit nie voorsiening maak vir die positiewe maatreëls wat die regering aangeneem het om die pandemie aan te spreek nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van Bronne 3C en Bron 3D om verskille vas te stel 3D – V3]*

- Bron 3C dui aan dat opposisie partye gunstig op die ekonomiese maatreëls gereageer het in reaksie tot die Covid-19 pandemie terwyl Bron 3D die noodmaatreëls in ‘n swak lig uitbeeld (negatief) – te klein in verhouding tot die Covid-19 wolk
- Bron 3C noem hoe die noodmaatreëls veronderstel is om aangewend te word (toelae, besigheidsverligting, belastingmaatreëls) terwyl Bron 3D twyfel of dit genoeg gaan wees
- Bron 3C noem dat die regering geld van internasionale finansiële instellings geleen het om Suid-Afrikaners van noodmaatreëls te voorsien terwyl Bron 3D geen aanduiding gee van hoe die regering die noodmaatreëls gaan finansier nie

- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- President Cyril Ramaphosa het ‘n landwye nasionale ramptoestand verklaar om die Covid-19 uitbreek te bekamp (Bron 3B)
- Die Suid-Afrikaanse regering het ‘n reisverbod geplaas na lande soos Italië, Duitsland en die Verenigde State (Bron 3B)
- Die regering het ook groot saamtrekke verbied en groot feesvieringe en geleenthede gekanselleer (Bron 3B
- Visums aan besoekers uit hoërisiko-lande is herroep (Bron 3B)
- Suid-Afrikaners wat hoërisiko- lande besoek het was onderhewig aan toetsing en kwarantyn (Bron 3B)
- Die Suid-Afrikaanse regering het ‘n omvattende ekonomiese ingrypingspakket gefinaliseer om die impak van die Covid-19 pandemie te verlig (Bron 3B)
- Opposisie partye het die regering se ekonomiese ingrypingspakket ondersteun (Bron 3C)
- Die regering het R500 miljard beskikbaar gestel as verligting vir toelaes, sakeredding, belastingmaatreëls en gesondheidsorg (Bron 3C)
- Noodmaatreëls was implementeer om Suid-Afrikaners te beskerm teen die impak van Covid-19 (Bron 3D)
- Suid-Afrika het maatreëls geïmplementeer soos ontsmettingssmiddels/maskers in openbare ruimtess (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die maatreëls wat die SuidAfrikaanse regering implementeer het om die globale Covid-19 uitdagings aan te spreek nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die maatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering implementeer het om die globale Covid-19 uitdagings aan te spreek.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skrf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van die maatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering implementeer het om die globale Covid19 uitdagings aan te spreek.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTEL VRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND: 1970s TOT 1980s: DIE KRISIS IN APARTHEID IN DIE 1980s

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek die filosofie van Steve Biko en die Swart Bewussyn Beweging ‘n belangrike rol gespeel het in die organisering van swart Suid-Afrikaners teen die apartheidsregering in die 1960s en 1970s. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul antwoord te ondersteun
HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet ‘n standpunt inneem deur 'n kritiese bespreking van hoe die filosofie van Steve Biko en SBB ‘n belangrike rol gespeel het om die om swart Suid Afrikaners te organiseer teen Aprtheid regime in die 1960s en 1970s.. Hulle moet aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

- Politieke vakuum (Agtergrond informasie)
    - Geskep nadat die ANC en PAC politieke leiers en partye verban of toegesluit was in 1960.
- Rol van Biko en SBB in die mobilisering van swartes:
    - ➢ Swartes met ‘n begrip van trots ingeboessem
    - ➢ Om hulself te aanvaar/om selfvertroue te hê/self-versorgsaamheid/begrip van identiteit
    - ➢ Bemagtig swartes om die gees van selfbejammering, minderwaardigheids-kompleks, selfvervreemding en oorheersing van eksterne magte te verwerp.
- Rol van Biko en die SBB in hul politieke mobilisasie van swart Suid Afrikaners
    - Swart studente het begin om hulself te mobiliseer om blanke heerskappy te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO in 1968 te stig
    - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko en SASO)
    - ➢ SASO was vir universiteit studente en SASM vir skole
    - ➢ SB het aanleiding gegee tot die stigting van die Black People’s Convention (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en werkersunies betrek het
    - ➢ Unies wat vereenselwig was met die SB filosofie het die Black Parents Association en Swart Werkers Unie (BAWU) ingesluit
    - ➢ Suid afrikaanse Studente Beweging was in 1972 gestig wat Swartes aan die ideale van SB blootgestel het.
    - ➢ BPC en SASO het FRELIMO saamtrekke organiseer (1972)
    - ➢ Die arrestasie van SB leiers het politieke aktivisme verhoog
- Rol van Biko en SBB in die mobilisasie van Arbeid
    - ➢ Mobiliseer werkers om werkers unies te stig
    - ➢ SB gee aanleiding tot die stigting van die Black Allied Union (BAWU) -
    - ➢ werker staking in Durban in 1973)

- Die rol van Biko en die SBB in die mobilisasie van swartes deur Gemeenskapsprogramme
    - ➢ Biko se verbanning na King Williams Town gee aanleiding tot die afgewende fokus na gemeenskap programme
    - ➢ SB het onafhanklikheid van blankes deur die swart Gemeenskapsprogramme aangemoedig om swartes te ondersteun sonder die hulp van blankes. Voorbeelde is Zanempilo Gesondheidskliniek; Ginsburg Onderwystrust; Zimele Trustfonds; Solempilo Gemeenskap Gesondheid Sentrum; Ithuseng Gemeenskap Gesondheid Programme en Winterskoolprogramme
- Rol van Biko en SBB in studente mobilisasie
    - ➢ Swart Onderwys het Afrikaans as onderrigtaal in skole ingestel (1975)
    - ➢ SASO en SASB beïnvloed die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR)
    - ➢ Beide Swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp-as die taal van die onderdrukker
    - ➢ Sommige onderwyser en leerlinge was alreeds bloot gestel aan die idees van Biko en die SB filosofie deur SASO studente- onderwysers van universiteite
    - ➢ Die departementele omsendbrief op Afrikaans (50/50) het die Soweto opstand ontketen
    - ➢ 16de van Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief
    - ➢ Polisie reaksie teenoor studente protes (Hector Petersen, ‘n 13 jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand)
    - ➢ Rol van Biko en die SBB in die mobilisering van swartes deur die Media
    - ➢ Rol van die media wat simpatiek was tot die SB filosofie bv. *The World* koerant
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die sterk leierskap wat deur beide die NP en die ANC gedurende die onderhandelingsproses vertoon was, tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 bygedra het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet ‘n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die sterk leierskap wat die NP regering en die ANC gedurende die onderhandelingsproses vertoon het (vanaf 1990) tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 bygedra het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul antwoord gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Die vrylating van Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (sterk leierskap deur De Klerk deur aan druk toe te gee)
- Ontbanning van die ANC, die PAC en ander verbanne organisasies (sterk leierskap deur De Klerk deur aan druk toe te gee)
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 – NP laat politieke gevangenisse vry en beide partye verbind hulle om geweld te beëindig en om te onderhandel (leierskap deur beide NP en ANC)
- Geweld in die Vaal Driehoek (toets vir sterk leierskap)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – ANC het die gewapende stryd opgeskort en NP het die Noodtoestand opgehef (leierskap deur beide NP regering en die ANC)
- Die Nasionale Vredes-ooreenkoms geteken deur 27 politieke organisasies – verskaf ‘n veiligheids raamwerk vir onderhandelinge (leierskap deur beide NP regering en die ANC)
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe die KP en PAC (sterk leierskap deur beide NP regering en die ANC)
- Partye kon nie ooreenstem met magsdeling en grondwetlike vergadering nie – die vergadering was beëindig (selfsugtigheid knou op sterk leierskap)
- Die Verklaring van Voorneme - partye het saamgestem om ‘n nuwe grondwet en tussentydse regering te stig (sterk leierskap deur beide NP regering en die ANC)
- Slegs-blanke referendum – De Klerk toets blanke menings nadat drie tussen-verkiesings aan die KP verloor is (sterk leierskap deur De Klerk)
- Referendum uitslae – landwye Ja –onderhandeling kan voort gaan (sterk leierskap deur De Klerk) Die ‘Nee’ persentasie het die tekort aan vertroue van De Klerk leierskap aangedui
- CODESA 2 (2 Mei 1992) was onsuksesvol as gevolg van geweld en die onvermoë van partye om op magsdeling saam te stem (sterk leierskap deur beide NP regering en die ANC)
- Boipatong -slagting en invloed van die Derde Mag (17 Junie 1992 –toets vir sterk leierskap)

- Bisho- slagting (September 1992) – ANC ondersteuners wie deel wou wees van die onderhandelings proses (toets vir sterk leierskap)
- ANC doen 'n beroep vir grootskaalse massa-aksie teen die Nasionale party (strategie van die ANC om te beheer deur druk toe te pas.)
- Memorandum van Verstandhouding 26 September 1992 -Meyer en Ramaphosa verbind hulself tot vrede en om te onderhandel (sterk leierskap deur beide die NP regering en die ANC)
- Meyer en Ramaphosa stem ooreen met Joe Slovo se Sonsondergangklousule (leierskap of uitverkoop)
- Partye wat meer as 5% van die stemme wen sal 'n Regering van Nasionale Eenheid vorm om die nuwe SA te regeer en blankes kon hul poste vir 5 jaar behou (toegeeflik/omsigtige leierskap)
- Multi-party onderhandeling hervat by die Wêreldhandelsentrum maar het nie aangehou niie (sterk leierskap)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus ('n toets vir leierskap)
- Mandela spreek die nasie toe op televisie (sterk leierskap deur die nasie te troos)
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek, toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n gepantserde voertuig bestorm ('n toets vir sterk leierskap
- Heidelberg Taverne moorde (30 Desember 1993)
- Shell House Slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir die eerste demokraties verkiesing bepaal (27-29 April 1994)(leierskap)
- Voortslepende geweld gedurende die verkiesing – motorbom ontplof buite ANC hoofkantore - motorbom ontplof by Jan Smuts (laaste pogings om leierskap te toets)
- Verkiesing gehou as gevolg van toegeweide leierskap
- Mandela word die eerste President van die nuwe demokraties Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW De Klerk as sy adjunkte (sterk leierskap
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandisate moet aandui of hulle met die stelleing saamstem of nie. Indien hulle met die stelling saamstem moet hulle verduidelik hoe Gorbachev se hervormings FW de Klerk beïnvloed het om hervormings in te stel wat die politieke landskap van Suid-Afrika verander het. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul antwoord met relevante historiese bewys ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan saam of teen die stelling stem dat Gorbachev se hervormings gedurende die 1980's De Klerk beïnvloed het om hervormings in te stel wat die politieke landskap van Suid-Afrika vanaf 1989 verander het. Hulle moet aandui hoe hulle, hul antwoord gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Sowjet Unie beleef ekonomiese agteruitgang (agtergrond informasie)
- Gorbachev het die leierskap van die Sowjet Unie in 1985 oorgeneem en 'Perestroika' en 'Glasnost' ingestel
- 'Perestroika' het kleinkaalse private eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder – beweeg weg van Kommunisme
- 'Glasnost' het mense toegelaat om die regering te kritiseer – onbekende kultuur onder kommunisme
- 'Perestroika' en 'Glasnost' gee aanleiding tot eise vir die beeindiging van kommunisme en volle demokrasie
- Dit lei tot die einde van kommunisme en 'n einde van die Koue Oorlog/Rusland was nie meer as 'n supermoondheid beskou nie/Kommunisme was nie meer as 'globale bedreiging beskou nie'
- Die VSA en sy bondgenote kon nie langer voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie
- Die Weste het nou druk op die NP regering geplaas om met die ANC te onderhandel of om volgehoue sanksies in die gesig te staar
- Die val van die Sowjet Unie het druk op beide die Nasionale Party regering en die ANC geplaas om onderhandeling te begin
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen (bydraende faktor)
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie (bydraende faktor)

- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'blanke ekonomiese'- belange nie ((bydraende faktor)
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig was vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas as 'n 'bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'antikommunisties standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en die het 'n invloed op Suid-Afrika se apartheid sbeleid
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rasse segregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was en sy gewilligheid gewys om met die ANC te onderhandel
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou 'n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as 'n alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie 'n sameswering wat uit Moskou bestuur was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ontbanning van alle anti - apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou